BYLAAG

Credo Musiekteorie-opleidingsprogram

GRAAD 5

Deur S. J. Cloete

Kopiereg voorbehou © 2017

BLUES (JAZZ). (Unisa leerders alleen)

WAT IS DIE BLUES?

Die blues is ‘n **musiek genre*** wat teen die einde van die 19e eeu in die suide (Deep South) van die VSA ontstaan het, deur Afrikane wat as slawe na Amerika weggevoer is. Die wortels van dié genre lê in die tradisies van Afrika musiek, Afro-Amerikaanse werksliedjies, Neger geestelike liedere (spirituals) en volksmusiek. Die eerste verskyning van die Blues word dikwels gedateer tot die tydperk ná die slawerny in Amerika. Die slawerny was ‘n droewige tydperk in die geskiedenis en hierdie swaarmoedige klank kan in die Blues musiek gehoor word. Die Blues, wat alomteenwoordig is in jazz en rock ‘n’ roll musiek, word gekenmerk deur die **vraag-en-antwoord*** patroon, die **blues-toonleer** (wat jy hierna gaan leer) en spesifieke **akkoordprogressies***, waarvan die **twaalf-maat blues*** die bekendste is. **Blue-note***, gewoonlik 3^{des} of 5^{des} wat verlaag is, is ook ‘n essensiële deel van die klank. ‘n **Swing-ritme*** en “**walking bass**”* word algemeen in blues, country musiek, jazz, ens. gebruik.

* **Musiek genre:** Dit is ‘n *kategorie* wat gebruik word om musiek te identifiseer wat sekere tradisies of stel konvensies deel, bv. die blues, of klassieke musiek, of opera, ens. Hulle deel ‘n sekere “basiese musiektaal”.

* **Vraag-en-antwoord patroon**: Dit is ‘n opeenvolging van twee onderskeie frases, wat gewoonlik deur verskillende musikante (groepe) gespeel word, waar die *tweede frase ‘n direkte kommentaar of antwoord gee op die eerste een.* Dit kan terugespoor word tot in Afrika musiek.

* **Akkoordprogressies:** Die blues volg ‘n sekere akkoordprogressie en die harmoniese sewende (blues 7^{e}) kan feitlik deurgaans gehoor word (bv. I^{7}, wat akkoord $CEGB^{b}$ in die toonsoort van C is).

* **Twaalf-maat blues (AAB patroon):** Die blues bestaan uit *drie vier-maat frases in* $\frac{4}{4}$ tyd:

			Akkoordprogressie:			
A	Eerste frase (maat 1 – 4):	Stel die lyn bekend.	I	I	I	I
A	Tweede frase (maat 5 – 8):	Herhaal die eerste lyn .	IV	IV	I	I
B	Derde frase (maat 9 – 12)	‘n Afsluiting van die lyn.	V	V	I	I

* **Blue-note (bekommerde note):** ‘n Blue-noot is ‘n noot wat, vir uitdrukkings-doeleindes, op ‘n effens laer toonhoogte as die standaard gesing of gespeel word. Die blue-note is gewoonlik die verlaagde 3^{e}, verlaagde 5^{e} en soms die verlaagde 7^{e} trappe ($^{b}3$, $^{b}5$, $^{b}7$). Aan die een kant kan die verlaging nie ‘n volle halftoon laer wees nie

Copyright reserved © 1998

('n kwarttoon of so) in bv. vokale musiek (sang). Aan die ander kant kan die verlaging 'n volle halftoon wees, soos dit natuurlik in klawerbordmusiek sal wees. Dit dra by tot die melancholiese gevoel in die musiek.

*** <u>Swing ritme</u>:** Die term "swing" word gebruik om 'n gevoel van ritmiese aandrywing te beskryf wat geskep word deur die musikale interaksie tussen spelers/luisteraars. Dit kan waargeneem word deur klap, knik van koppe, ens.

*** <u>Walking bass</u>:** Dit is 'n bas-begeleidingstyl of baslyn, algemeen in Barok musiek (1600 – 1750) en 20^{e} eeuse jazz, blues, ens. Dit bestaan uit nie-gesinkopeerde note (óp die sterk maatslag) van dieselfde waarde, gewoonlik kwartnote, wat in toonlere, arpeggios, chromatiese passasies, deurgangsnote, ens. "loop".

<u>BLUE-TOONLEER</u>:

Daar word van jou verwag om die *opgaande* **blues-toonleer** vanaf enige toontrap, in al die voorgeskrewe sleutels te skryf en te herken.

Die blues-toonleer bestaan uit 6 verskillende note. Dit is die 5 note van die **mineur pentatoniese toonleer** plus 'n **verminderde 5^{e}** bokant die tonika noot.

- ***<u>MINEUR</u>* <u>PENTATONIESE TOONLEER</u>**:

Jy het alreeds die ***majeur* pentatoniese toonleer** in hierdie module geleer. Die ***mineur* pentatoniese toonleer** is dieselfde as die majeur pentatoniese toonleer, behalwe dat die **tonika** 'n ander noot is. Die tonika van die mineur pentatoniese toonleer is dié noot wat ***3 halftone laer** is as die tonika van die majeur pentatoniese toonleer* (dit is dieselfde tonika noot as die verwante mineur van 'n majeur toonleer).

VOORBEELDE: **C- majeur** pentatoniese toonleer: C - D - E - G - A - (C)
word **A-mineur** pentatoniese toonleer: A - C - D - E - G - (A).

B^{b}-majeur pentatoniese toonleer: B^{b} - C - D - F - G - (B^{b})
word **G-mineur** pentatoniese toonleer: G - B^{b} - C - D - F - (G).

Die toonsoort word geskuif, wat die toonleer 'n **mineur klank** gee (swaarmoedig).

'n Ander manier om die mineur pentatoniese toonleer te onthou, is om die verskil tussen die **majeur toonleer** en die mineur pentatoniese toonleer raak te sien. In vergelyking met die majeur toonleer, is die note van die mineur pentatoniese toonleer:

1 – ^{b}3 – 4 – 5 – ^{b}7

VOORBEELD:

A-majeur toonleer:



1 2 3 4 5 6 7 8(1)

A-mineur pentatoniese toonleer:



1 ^{b}3 4 5 ^{b}7 8(1)

Copyright reserved © 1998

SKRYF DIE LETTERNAME VAN ELK VAN DIE VOLGENDE VERLANGDE MINEUR PENTATONIESE TOONLERE:

Wenke: - Moenie dubbelkruise of dubbelmolle gebruik nie. Gebruik die eenvoudigste letternaam.
- As die tonika 'n mol is (moltoonsoort), moenie kruise gebruik nie.
- As die tonika 'n kruis is (kruistoonsoort), moenie molle gebruik nie.
- Gebruik die enharmoniese ekwivalent waar nodig, bv. D^b pentatoniese toonleer is: D^b – E – G^b (nie $F^\#$ nie) – A^b (not $G^\#$ nie) – B – D^b (nie $C^\#$ nie).

1 G-mineur pentatoniese toonleer: _____

2 B-mineur pentatoniese toonleer: _____

3 F-mineur pentatoniese toonleer: _____

4 $C^\#$-mineur pentatoniese toonleer: _____

5 A-mineur pentatoniese toonleer: _____

6 D-mineur pentatoniese toonleer: _____

7 C-mineur pentatoniese toonleer: _____

8 $F^\#$-mineur pentatoniese toonleer: _____

9 E-mineur pentatoniese toonleer: _____

10 B^b-mineur pentatoniese toonleer: _____

11 E^b-mineur pentatoniese toonleer: _____
(Dis al die swart klawers van die klawerbord en baie maklik om te speel.)

12 D^b-mineur pentatoniese toonleer: _____

13 G^b-mineur pentatoniese toonleer: _____

14 A^b mineur pentatoniese toonleer: _____

- **VOEG 'N VERMINDERDE 5^e BY:**

Nou dat jy weet hoe om die **mineur** pentatoniese toonleer te skryf, gaan jy 'n **verminderde 5^e** daarby las om 'n **blues-toonleer** te maak. Let daarop dat die verm 5^e bereken word vanaf die **tonika**.

VOORBEELD: C-mineur pentatoniese toonleer: C – E^b – F – G – B^b – (C).

'n Verminderde 5^e bokant C is G^b (dit sal die 4^e noot wees).

C-blues toonleer: C – E^b – F – **G^b** – G – B^b – (C).
Halftoonbeweging

In verhouding tot die **majeur toonleer** is die note van die blues-toonleer:
1 – $^b3$ – 4 – $^b5$ – 5 – $^b7$ (^{b} note word ook die **blue**-note genoem).

Let wel: In *kruistoonsoorte* is die verm 5^e 'n $^b5$, soos in bogenoemde voorbeeld. In *moltoonsoorte* kan jy die enharmoniese ekwivalent van 5^b gebruik, wat 'n vergrote 4^e ($^\#4$) bokant die tonika is, bv. die F Blues-toonleer: F - A^b - B^b - **B** - C - E^b - (F). 'n Verg. 4^e is die omkering van 'n verm 5^e en is praktiese dieselfde noot.

Copyright reserved © 1998

SKRYF DIE LETTERNAME VAN ELK VAN DIE VERLANGDE BLUES-TOONLERE:

Wenke:- Metode 1: Skryf die mineur pentatoniese toonleer en voeg dan 'n $^{b}5$ by vir kruistoonsoorte, of vervang $^{b}5$ enharmonies vir moltoonsoorte.
- Metode 2: Skryf 1 – $^{b}3$ – 4 – $^{b}5$ – 5 – $^{b}7$ van die majeur toonleer vir kruistoonsoorte, of vervang $^{b}5$ enharmoniese vir moltoonsoorte.

VOORBEELDE:

Kruistoonsoort $^{b}5$: $F^{\#}$-Blues toonleer: $F^{\#}$ - A - B - **C** - $C^{\#}$ - E - ($F^{\#}$)

Moltoonsoort $^{\#}4$: D^{b}-Blues toonleer: D^{b} - E - G^{b} - **G** - A^{b} - B - (D^{b})

1 G-Blues toonleer: _____

2 B-Blues toonleer: _____

3 F-Blues toonleer: _____

4 $C^{\#}$-Blues toonleer: _____

5 A-Blues toonleer: _____

6 D-Blues toonleer: _____

7 C-Blues toonleer: _____

8 $F^{\#}$-Blues toonleer: _____

9 E-Blues toonleer: _____

10 B^{b}-Blues toonleer: _____

11 E^{b}-Blues toonleer: _____

12 D^{b}-Blues toonleer: _____

13 G^{b}-Blues toonleer: _____

14 A^{b}-Blues toonleer: _____

SKRYF DIE VOLGENDE *OPGAANDE* BLUES-TOONLERE IN DIE VERLANGDE SLEUTELS:

Wenke: - Skryf die lettername eers in rofwerk en dan in die korrekte sleutel.
- Skryf die toonlere sonder toonsoortteken en met die nodige skuiftekens.
- Skryf die laaste noot ook, wat dieselfde is as die eerste een.

VOORBEELD: E^{b}-Blues toonleer: E^{b} – G^{b} – A^{b} – A – B^{b} – D^{b} – **E^{b}**



1 D^{b}-Blues toonleer:



Copyright reserved © 1998

2 $F^{\#}$-Blues toonleer:



3 C-Blues toonleer:



4 D-Blues toonleer:



5 G^{b}-Blues toonleer:



6 B^{b}-Blues toonleer:



7 F-Blues toonleer:



Gaan terug na die module, bladsy 37.

POPULÊRE MUSIEK:

Populêre musiek beskryf alle musiek wat populêr is en sluit baie musikale style in.

Daar word van jou verwag om ‘n **definisie** van elk van die volgende musikale style te gee, en om **name van musikante** van elke styl te ken:

- Rock ‘n’ Roll
- Funk
- Hip-hop
- Bubblegum
- Kwaito

As jy internet toegang het, kan jy na https://en.wikipedia.org gaan, waar jy die verskillende musiekstyle kan soek en na die musiek luister.

1 ROCK ‘N’ ROLL.

- **Definisie:**
  Rock ‘n’ Roll is ‘n populêre musiekstyl wat ontstaan en ontwikkel het gedurende die laat 1940s en vroeg 1950s in die Verenigde State van Amerika en bevat Afro-Amerikaanse musiekstyle soos **gospel***, **Jump blues***, **jazz***, **boogie woogie***, **“rhythm and blues”**, ens. gemeng met wit Amerikaanse **country musiek***. Die ritme is hoofsaaklik ‘n blues **swing ritme** met ‘n geaksentueerde **backbeat***, wat gewoonlik

Copyright reserved © 1998

altyd deur ‘n snaartrom verskaf word. Nog ‘n kenmerk is die **vraag-en-antwoord** patroon. Klassieke Rock ‘n’ Roll is gewoonlik deur die volgende orkes gespeel: een of twee elektriese kitare (een leier, een ritme), ‘n kontrabas (basviool) of, na die mid 1950s, ‘n elektriese baskitaar en ‘n tromstel. Opsionele stemdraende instrumente is die klavier en saxofoon.

*** Gospel:** ‘n Gospel is ‘n lied wat die lewe, dood en opstanding van Jesus Christus beskryf.

***Jump blues:** Dit is ‘n **vinnige tempo** (“up-tempo”) blues styl wat gewoonlik deur klein groepe gespeel word en waar die saxofoon of koperblaasinstrumente gebruik is. Dit was populêr in die 1940s.

***Jazz:** Dit is ‘n musiek genre wat by Afro-Amerikaners in New Orleans in die laat 19e en vroeg 20e eeu ontstaan het en ontwikkel het uit die Blues en Ragtime (gesinkopeerde ritme). Jazz word gekenmerk deur swing en blue-note, vraag-en-antwoord stemme, **poloritmes** (die gelyktydige gebruik van twee of meer kontrasterende ritmes soos en in een stuk) en **improvisasie** (speel of sing musiek uit die vuis uit deur ‘n melodie te varieer, of deur nuwe melodieë, ritmes en harmonieë te skep).

*** Boogie woogie:** Dit was hoofsaaklik geassosieer met dans en word gekenmerk deur ‘n gereelde linkerhand basfiguur wat saam die akkoorde verander:



*** Rhythm and blues”:** Dateer uit die 1940s en is stedelike, rock en jazz gebasseerde musiek met ‘n swaar, aanhoudende ritme. Dit is ook ‘n algemene term om enige musiek wat deur of vir swart Amerikaners gemaak is, te beskryf.

***Country musiek:** Die oorsprong van country musiek is die volksmusiek van die werkende klas wit Amerikaners wat populêre liedjies, Ierse en Keltiese (Celtic) deuntjies, Engelse ballades, cowboy liedjies en verskeie musikale tradisies van die Europese immigrante gemeenskappe, gemeng het.

***Backbeat:** Dit is die gesinkopeerde aksentuering van die *“afslag”*, bv. die 2e en 4e maatslae in $\frac{4}{4}$ tyd is beklemtoon en nie die gewone 1e en 3e maatslae nie.

- **Sommige Rock ‘n’ Roll musikante:**

  Joseph Vernon Turner (Big Joe)

  Elvis Presley

  Johnny Cash

  Chuck Berry

  The Beetles

  Beach Boys

Copyright reserved © 1998

2 FUNK.

- **Definisie:**
  Funk is ‘n musiek genre wat in die mid 1960s ontstaan het toe Afro-Amerikaners ‘n nuwe, ritmiese, dansbare musiek geskep het, deur **jazz**, **“rhythm and blues”** en **soul musiek*** te vermeng. Funk onderbeklemtoon melodie en akkoordprogressie, wat in ander verwante genres belangrik is, en bring ‘n sterk, komplekse ritmiese **groove***, of ‘n baslyn of ’n tromdeel na vore. Die **ritmiese seksie*** is die hartklop van die funk-klank. Funk gebruik rykkleurige en uitgebreide akkoorde, soos mineur akkoorde met 7^{des} en 11^{des} bygelas, of dominant 7^{e} akkoorde met ‘n veranderde 9^{e} bygelas. Funk musiek beklemtoon die **áfslag*** (veral die eerste maatslag), is gedryf deur sestiende-nootverdelings van die maatslag en **sinkopasie*** op alle baslyn-trompatrone en kitaar **riffs***.

  ***** Soul musiek:** Ontstaan gedurende die laat 1050s en vroeg 1960s in Amerika. Treffende ritmes wat deur handklap en voortdurende lyfbewegings beklemtoon word, is ‘n belangrike element van soul musiek. Ander eienskappe is die vraag-en-antwoord styl tussen die leierstem en koor, asook ‘n besonder intense vokale klank en geïmproviseerde byvoegsels, krulle en hulpnote.

  ***** Groove:** Dit is die aandrywende, ritmiese gevoel van swing wat geskep word deur die interaksie van die musiek wat deur die orkes se ritmiese seksie gespeel word. Groovy dui op musiek wat werklike swing.

  ***** Ritmiese seksie:** Bv. die tromme, elektriese bas of kontrabas, kitaar en klawerborde.

  ***** Áfslag:** Dit is die sterk maatslae in die maat, bv. maat 1 en 3 in $\frac{4}{4}$ tyd en die eerste maatslag word baie sterk beklemtoon (die Een).

  ***** Sinkopasie:** Dit is die plasing van aksente waar hulle nie normaalweg voorkom nie.

  ***** Riffs:** ‘n Riff verwys na ‘n kort melodiese herhaling. Die ekwivalent in klassieke musiek is ‘n *ostinaat* en in hip hop word dit ‘n *loop* genoem.

- **Sommige Funk musikante:**

  James Brown

  Sly and the family Stone

  Parliament Funkadelic

  Betty Davis

  Chaka Kahn

  Prince

  Fred Wesley (tromboon)

  Pee Wee Ellis (saxofoon)

Copyright reserved © 1998

3 HIP-HOP.

- **Definisie:**

Hip-hop (**hip hop** / **rap musiek)** is ‘n musiek genre wat in die 1970s in die US geskep is deur middestad Afro-Amerikaners en bestaan uit ritmiese elektriese/elektroniese musiek wat gewoonlik **rapping*** begelei. Hip-hop musiek het ontwikkel as deel van die hip hop kultuur. Die kuns van **turntablism** (afgelei van “turntable” wat ‘n grammofoon of draaitafel is), word gebruik om klank te manipuleer en om nuwe musiek, **klankeffekte*** (sound effects) en ander kreatiewe klanke te skep, deurdat ‘n **disk jockey (DJ)*** twee of meer **draaitafels*** (turntables), en ‘n **DJ menger*** (DJ mixer), toegerus met ‘n **dwars-uitdower***, (cross fader) gebruik. Professionele DJs in hip-hop musiek gebruik uitdowers op ‘n blitsvinnige, virtuose manier terwyl hulle gelyktydig twee of meer platespelers (of ander klankbronne) manipuleer om **scrubbing*** (krap), verskillende ritmes, **breaks*** (breuke), **loops*** (herhalings), ens. te skep. Ander elemente sluit in **sampling*** van maatslae of baslyne vanaf plate (records), **break beats*** en ook **beatboxing***. Tipiese instrumente is rapping, draaitafels, DJ menger, **trommasjien*** (drum machine), **musikale sequencer*** en **sintetiseerder*** (synthesizer)

*** Rapping:** Dit is ‘n musikale vorm van vokale, ritmiese en rymende spraak in straat-volkstaal, gewoonlik oor ‘n **backbeat** of met musikale begeleiding.

*** Klankeffekte** (sound effects): Dit is ‘n elektroniese klank wat gemaak word om ‘n kreatiewe punt te maak *sonder* die gebruik van dialog of musiek.

*** Draaitafels** (turntables): ‘n Draaitafel is die sirkelvormige roterende platvorm (platespelers, grammofoon) wat gebruik word om plate mee te speel.

*** D J menger** (DJ mixer): Dis ‘n tipe audio konsole wat DJs gebruik. Hip-hop DJs gebruik dit om platespelers soos ‘n musiekinstrument te speel om nuwe klanke te skep.

*** Dwars-uitdower** (cross fader): ‘n Uitdower is enige toestel wat gebruik word om musiek sagter te laat word, veral as dit ‘n knop is, of met ‘n gleuf langs gly. ‘n Opgeneemde lied kan geleidelik sagter gemaak word totdat dit wegsterf, of dit kan van geen klank geleidelik harder gemaak word. ‘n Dwars-uitdower het dieselfde ingeneursontwerp as ‘n gewone uitdower (albei is glyskuiwe), behalwe dat dit horisontaal op die menger lê en nie vertikaal nie. As daar twee platespelers is en die dwars-uitdower heeltemaal links is, sal die menger slegs draaitafel A se musiek speel. As die dwars-uitdower heeltemaal regs is, sal slegs draaitafel B se musiek speel. As die knop in die middel is (wat gemerk is), sal die DJ menger platespeler A en platespeler B se musiek meng. Die ander punte op die dwars-uitdower se pad gee verskillende mengsels van A en B.

*** DJ’s:** ‘n DJ is ‘n persoon wat verskillende bronne van voorafbestaande opgeneemde musiek meng terwyl dit gespeel word, gewoonlik vir ‘n lewendige gehoor in ‘n nagklub of dansklub, of vir uitsaaiwerk. Hulle het dikwels byname, bv. DJ Disk. Tradisioneel verwys die “disk” in disk jockey na grammofoonplate, maar vandag is dit ‘n allesomsluitende term om iemand te beskryf wat opgeneemde musiek vanaf enige bron meng, insluitende kasette, CDs of digitale audio lêers op ‘n skootrekenaar. In hip-hop musiek kan DJs ritmes skep, of baslyne, of ander musikale inhoud wat van

Copyright reserved © 1998

voorafbestaande plate "gesample" word. In hip-hop gebruik rappers hierdie musiek om oor te "rap".

***Scratching** (krap/skrop): Dis 'n tegniek wat DJs gebruik om kenmerkende perkussie of ritmiese klanke en klankeffekte te verkry deur viniel plate vorentoe en agtertoe op die draaitafel te beweeg, terwyl die dwars-uitdower op die DJ menger opsioneel gemanipuleer word.

*** Breaks** (breuk)**:** 'n Breuk gebeur wanneer al die elemente van 'n lied, *behalwe die perkussie,* verdwyn. Dit word dan ook 'n perkussiebreuk (percussion break) genoem. 'n Breuk kom gewoonlik voor tussen twee seksies van 'n lied om 'n soort afwagting te skep, of dit bring verskeidenheid.

. * **Loops** (herhaling)**:** 'n Loop is 'n herhaling soos 'n ostinato of 'n riff.

*** Sampling:** Dis wanneer 'n stukkie, of "sample" van een klankopname geneem word en weer gebruik word as 'n instrument of klankopname in 'n ander lied of stuk.

*** Break beats:** Dis wanneer tromherhalings (drum loop beats) "gesample" word. Dis ontwikkel deur Kool Herc, die eerste persoon wat twee kopieë van een plaat gekoop het om op dieselfde breuk te kan meng.

* **Beatmatching:** Dis 'n tegniek wat DJs gebruik om die toonhoogte van die volgende snit wat gespeel gaan word, te verskuif, of om die ritme te verleng/verkort, sodat die maatslae en die mate gesinchroniseer is - dit is dat die tromslae en snare in die twee plate ooreen kom wanneer albei plate gelyk gespeel word.

*** Beatboxing:** Dis 'n soort stem perkussie, die kuns om klanke met mens se mond te maak wat soos slaginstrumente klink.

*** Trom masjien** (drum machine): Dis 'n elektroniese musiekinstrument wat die klank van tromme, simbale, baslyne en ander perkussie-instrumente namaak.

*** Musiek sequencer** (music sequencer): Dis 'n toestel wat sagteware kan opneem, verander of terugspeel.

*** Sintetiseerder*** (synthesizer)**:** Dis 'n elektroniese musiekinstrument wat elektriese seine kan maak wat verander in klank deur instrumentversterkers (amplifiers) en luidsprekers of oorfone.

- **Sommige Hip-hop musikante:**

DJ Kool Herc	**Moderne kunstenaars:**
Afrika Bambaataa (Bronx DJ)	Eminem
Grandmaster Flash	Wiz Khalifa
Luis Quintanilla (DJ Disk) wat die *break beat* geskep het.	Designer
	50 Cent
Biz Markie (*beatboxing*)	Chris Brown

Copyright reserved © 1998

4 **<u>BUBBLEGUM</u>** (bubblegum-musiek of bubblegum-pop)**.**

Vervaardigers Jerry Kasenetz en Jeff Katz het daarop aanspraak gemaak dat hulle die term *bubblegum-pop* geskep het. Terwyl hulle hulle teiken luisteraars bespreek het, het hulle besluit dit moet tieners en jong kinders wees. Terwyl hulle daarmee besig was, het hulle kougom gekou. Die vervaardigers het na mekaar gekyk, gelag en gesê: " A, dit is soos bubblegum-musiek".

- **Definisie:**

Bubblegum is 'n genre van **pop-rock musiek*** wat dateer vanaf 1967 tot omtrent1977. Dis met 'n opslag-klank geskep, sodat jong kinders en tieners daarvan sou hou. Dit was geproduseer in 'n monteerlynproses (assembly-lime process), gedryf deur vervaardigers en onbekende sangers is dikwels gebruik. Die genre was hoofsaaklik 'n **singles*** verskynsel en 'n groot aantal bubblegum liedjies was **one-hit-wonders***. Die liedjies het tipiese saamsing-koorgedeeltes, kinderlike temas, aansteeklike melodieë. Eenvoudige harmonieë, dansritmes, en herhalende riffs. Die lied se lirieke het dikwels die tema van Romantiese liefde, en persoonlike geluk, met verwysings na sonskyn, platoniese liefde, speelgoed, kleure, onsinnige woorde, ens. Hulle verwys ook dikwels na soet kos insluitend suiker, heuning, jellie en marmalade.

*** Pop rock musiek** (pop/rock of soms kitaar-pop): Dis rock musiek met 'n ligter, gladder benadering. Dit het in die 1950s as 'n alternatief vir rock 'n' roll ontstaan. Dit was beïnvloed deur rock 'n' roll se ritme en styl, maar het meer klem gelê op professionele liedskryf en opnames. Dit word verteenwoordig deur kunstenaars soos Elton John, Paul McCartney, Rod Stewart.

*** Singles of record single:** Dis 'n kleiner soort plaatuitgawe, met minder snitte op as die LP plaat, 'n album of 'n EP plaat.

*** One-hit wonder:** Dis 'n uitgawe wat hoofstroom populariteit en sukses vir 'n baie kort tydjie behaal, dikwels vir net een werk en wat bekend word onder die algemene publiek vir net vir daardie momentele suksus.

- **Sommige Bubblegum musikante:**

1910 Fruitgum Company (pop orkes)

The Ohio Express (rock orkes)

The Archies (garage orkes)

Tommy Roe

Patti Page

The Lemon Pipers

Elton John

Paul McCartney

Rod Stewart

Copyright reserved © 1998

5 KWAITO.

In Kwaito word die nuutgevonde vryheid ná Apartheid in Suid-Afrika uitgedruk, wat swart SA musikante makliker toegang gegee het tot internasionale werke en ‘n groter vermoë om hulle self uit te druk. Baie van die liedjies het anti-apartheid lirieke. Die woord kom van die Afrikaanse “*kwaai”* wat, in swak Afrikaans, dieselfde betekenis het as die Engelse woord *hot* of *kicking*. Die assosiasie van kwaito met straatboewe, is omdat kwaito insigself, volgens die eerste skepper van ‘n kwaito treffer, Mafokate, “alles gaan oor straatmusiek”. Dis gewild onder die swart jeug van Suid-Afrika.

- **Definisie:**
  Kwaito is ‘n musiek genre wat ontstaan het in Johannesburg in die post-Apartheid Suid-Afrika in die 1990s. Dis gebasseer op **house*** musiek ritmes, maar teen ‘n stadiger tempo en bevat melodiese en perkussie voorbeelde uit Afrika. Daar is herhalings, diep baslyne en dikwels stemme, gewoonlik manstemme wat skree of praat eerder as sing of rap. ‘n Algemene gebruik is die dialoog tussen man en vrou met die vrou wat die man se lyne herhaal. Dis hoofsaaklik dansmusiek met ‘n ligte tema. Kwaito is meer vir mans, maar daar is ‘n aantal vroue kunstenaars wat ook suksesvol in die genre is. Kwaito kunstenaars verwag van hulle gehoor om op ‘n vraag-en-antwoord styl verbaal te reageer. Dit word gesing in **Iscamtho*.** Tipiese instrumente is die sintetiseerder, **sampler***, perkussie, stemme en trommasjien.

*** House:** Dis ‘n genre van elektroniese musiek wat in die 1980s deur klub DJs en musiekproduseerders in Chicago geskep is. Vroeë “house” musiek is oor die algemeen herhalende 4/4 maatslae (“four-to-the-floor”), ritmes hoofsaaklik voorsien deur trommasjiene, opslag simbale en ook deur baslyne. Die herhalende ritme was belangriker as die lied self.

*** Iscamtho**: Dis een van Suid-Afrika se tale wat Afrikaans, Zoeloe en Engels insluit. Dit kom van Tsotsitaal wat voorheen gepraat is. Iscamtho is die jeugtaal in Soweto (‘n deel van Johannesburg). Die taal maak dit selfs meer populêr onder sy gehoor.

*** Sampler** (voorbeeld)**:** Dis ‘n elektroniese of digitale musiekinstrument baie soos die sintetiseerder (synthesizer), maar in plaas daarvan dat nuwe klanke gevorm word deur filters en ossilators, gebruik dit klankopnames (of “samples”) van regte instrumentklanke (bv. klavier, viool of trompet), uittreksels van opgeneemde liedjies (bv. ‘n vyf-sekonde baskitaar-riff, of ander klanke (bv. motortoeters, sirens of seeglowe). Die voorbeelde word deur die gebruiker of die vervaardiger opgelaai. Die klanke word dan deur die “sampler” self teruggespeel.

Copyright reserved © 1998

- **Sommige Kwaito musikante:**

  Athur Mafokate

  M’du Masilela

  Kayle Naido

  Boom Shaka

  Brenda Fassie

  Erskine James David.

  Freshly ground

  Nguzunguzo

  John Wizards

  Spoek Mathambo

***** ***** *****

Copyright reserved © 1998